

2 April

Markus 10:32-34

(Teks: 10:33, 34)

Die derde lydensaankondiging

Markus vertel dat Jesus, toe hulle al naby Jerusalem was, "voor hulle uitgeloop" het. Jesus is haastig. Hy deins geen oomblik terug vir die verskriklike lyding wat in Jerusalem op Hom wag nie. Daar is iets in sy houding wat die dissipels "verontrus en die mense wat agterna gekom het, laat bang word" het (Mark 10:32).

En dan roep Hy sy twaalf dissipels tussen die feesgangers uit en vertel weer eens aan hulle wat met Hom gaan gebeur.

Hierdie derde lydensaankondiging is uitvoeriger as die vorige twee. Dit daal af in besonderhede: "Met Hom spot en op Hom spoeg en Hom slaan." Hoe goed het Jesus dit alles vooruit geweet!

Die dissipels het op elk van die drie lydensaankondigings hopeloos negatief gereageer.

- Na die eerste aankondiging het Petrus Jesus berispe: "Dit sal beslis nie met U gebeur nie" (Matt 16:22).
- Na die tweede aankondiging het die dissipels in 'n onderlinge rusie verval oor wie van hulle die belangrikste is (Mark 9:34).
- Na die derde het Jakobus en Johannes Hom gevra om wanneer die koninkryk kom, aan sy regter- en linkerhand te sit (Mark 10:37).

Van Jesus se smart het hulle niks begryp nie. Hulle het daar totaal afsydig teenoor gestaan. Te besig met hul klein, menslike dingetjies.

Hoe staan jy teenoor die smart wat Jesus in jou plek en om jou ontwil verduur het? Blyk daar, deur die genade van die Heilige Gees, iets van uit jou houding teenoor die leed van die mense rondom jou?

Sing Psalm 41:1

Prof. P.W. Buys (Emeritus)